# VRYPOS

Tweeweeklikse Nuusbrief van die **NG Kerk Vrystaat**



# Epifanie

**10 FEBRUARIE 2023** | JAARGANG 21

UITGAWE **02**

# INHOUD


## 02 VRYPOS-FOKUS

02 Visionering | **"Nag ná nag, dag ná dag..."**

## 03 ARTIKELS

03 Visionering | **Ons gemeentes lyk nou anders**

03 Visionering | **Vier Moderature van Vrystaat-kerke vergader**

03 Verbi Divini Minister | **Die "werklikheid" waarmee ons só *vertroud* is**

03 JST | **The Journal of Systematic Theology**

03 JST | **Ons Digitale Bedieningsnetwerk**

04 Algemeen | **Trane en troos in die doopbak**

04 Algemeen | **Dis tyd om die perd op te saal, dominee!**

04 Afrika-Ekumene | **Oud-Sendelingebyeenkoms by Strand-Noord**

04 Afrika-Ekumene | **'n Reis in Afrika lei tot bande met susterskerk in Kenia**

04 Afrika-Ekumene | **MOSAMBIEK Tumbine Sinode: Dringende behoefte aan sinodale voertuig**

## 06 MEDIATEEK

06 Boek | ***Confessions* oor Kerkwees**
Skrywer: Jaco Strydom

06 Inventaris

## 08 EKOLOGIE

08 ***A life on Our Planet*** | David Attenborough pleit om volhoubaarheid

## 10 LEER KEN

10 Nuwe leraar | **Ds Tano Bongers**

11 Moderamen | **Marnus Nel**

11 Moderamen | **Flip Geel**

## 12 AKTUEEL ALGEMEEN

12 CLF

13 Advertensies

## 15 OPLEIDING

## 17 NUUSBRIEWE PUBLIKASIES

## 18 KALENDER

## 19 BETREKKINGS

## 21 VERJAARSDAE

## 22 'N LAASTE GEDAGTE

## 23 KONTAK ONS

# the Cross IN MY POCKET

Deur Verna Mae Thomas

*"I carry a cross in my pocket, a simple reminder to me that I am a Christian, no matter where I may be.*

*This little cross isn't magic, nor is it a good luck charm. It isn't meant to protect me from every physical harm.*

*It's not for identification for all the world to see. It's simply an understanding between my Savior and me.*

*When I put my hand in my pocket to bring out a coin or a key, the cross is there to remind me of the price He paid for me.*

*It reminds me too, to be thankful for my blessings every day, and to strive to serve Him better in all that I do or say.*

*It's also a daily reminder of the peace and comfort I share with all who know my Master and give themselves to His care.*

*So, I carry a cross in my pocket reminding none but me that Jesus Christ is Lord of my life, if only I'll let Him be."*

**"For the word of the cross is folly to those who are perishing, but to us who are being saved it is the power of God."**

*- 1 Corinthians 1:18*

***Oorgeneem uit***
*Bibilium.com Copyright © 2023*



## Uit die Redakteur se pen

In hierdie Vrypos-uitgawe is daar heelwat artikels wat handel oor die verskillende werksaamhede en Afrika-ekumene. Daar is ook terugvoer-artikels oor die visioneringsgesprek tussen NGKA, VGKSA, RCA en NG Kerk Vrystaat wat op 25 tot 26 Januarie 2023 plaasgevind het.

Dié maand herinner ons ook net weer aan die alomvattende, onvoorwaardelike liefde wat God vir ons het. Onthou om jouself lief te hê en ook jou naaste. Laat ons God se liefde leef in ons gesinne en aan elkeen sommer so in die verbygaan.

Kom loer, lees en leer saam met ons in hierdie uitgawe en laat weet ons asseblief wat jy dink!

**Die volgende Vrypos-uitgawe sal op Vrydag 24 Februarie verskyn. Kyk gerus na ons webblad-kalender vir belangrike datums.**

Lekker lees.

**Groete**

Celicia McLean

# VRYPOS-FOKUS

## “NAG NÁ NAG, DAG NÁ DAG...”

### OOR HOOP EN HERSTEL, VEERKRAGTIGHEID EN VREDE

DEUR DS JAN LUBBE, MODERATOR

*““... die saad ontkiem en groei – hoe, weet hy self nie. Die land bring die graan vanself voort: eers ‘n halm, dan ‘n aar en dan die koring vol in die aar. Wanneer die graan ryp is, steek hy die sekel in, omdat die oestyd daar is.”*

Dit is moeilik om vanoggend – ná gisteraand se teleurstellende staatsrede, nóg ontwrigting deur opportunistiese politici en die afkondiging van ‘n nasionale ramp-toestand weens kragvoorsiening in Suid-Afrika – helder terug te dink aan Bethlehem, die laaste week in Januarie en die inspirasie wat ons as Moderamen daar saam met mekaar gevind het. Maar miskien is dít juis die punt: Ons is as NG Kerke in hierdie sentrale provinsie in ons land geroep om hoop te vind, wéér en wéér en wéér, en die boodskap te blý dra. Byna soos Jeremia in Klaagliedere 3 in daardie middelste “Treurlied” by die ruïnes van Jerusalem: *“Deur die troue liefde van die Here het ons nie vergaan nie, sy ontferming ken geen einde – dit is elke oggend weer nuut. My erfdeel is die Here, sê ek; daarom hoop ek op Hom” (3:22-24)*. Dit was goed om as Moderamen byeen te kom, byna voltallig, die eerste keer sedert September verlede jaar op Mooigenoeg. Intussen was daar drie streekskonferensies vir ons kerke, Kerstyd en Nuwejaar, die dodelike ontploffing in Boksburg, ‘n rasse-insident by Maselspoort, geweld op ‘n plaas in die Oos-Vrystaat, die oorlog in die Oekraïne wat oor twee weke al ‘n jaar woed en duisende lewens geëis het en ‘n groot aardbewing in Turkye. Ons lewensomstandighede het uitdagend geword; mense kry swaar. Gemeentes en dominees in die Vrystaat óók. Nogtans sal ons hoop...

In Bethlehem het ons Markus 4 gelees, die drie gelykenisse aan die skare op die strand en toe Jesus se woorde die nag op die stormsee: “Wees stil, bedaar!”

Ons het onsself afgevra: Wat hoor ons? Ons het ontdek: Die saad wat klein en eenvoudig en aan die elemente uitgelewer is, is vól krag en belofte. Ons het nog iets uit Markus 4 ontdek; daarby sal ek eindig... Vier inleiers het hul perspektiewe op ons Vrystaatse konteks kom deel. Barend la Grange (“Privilege Foundation”) en Freek Robinson (“Dialoog in Aksie”) het oor dit wat in die breër samelewing en in klein dorpies aan’t gebeur is, gepraat – soos in Senekal en Kroonstad, waar hul betrokke was. In die vakuum van effektiewe regering op plaaslike- of nasionale vlak, is dit gewone mense wat die vier woorde vir ‘n omdraai-strategie begin doen: Maak skoon, maak heel, maak mooi, maak groen.

En wat hiervoor nodig is, is nie in die eerste instansie kapitaal nie, maar leierskap.



Sy vraag aan die dissipels: “Waarom is jul bang, het jul steeds nie geloof?” Nie ‘n veroordelende vraag nie, maar pastoraal. Dít, ná die drie gelykenisse die dag oor saad; oor hoe die koninkryk van God uitgestrooi word, in verskillende soorte grond val, bedreig word deur die “bose driedoring” – “bekommernisse van hierdie wêreld, verleiding van rykdom, begeertes na allerlei dinge” (4:19) – maar ook ontkiem, groei en ‘n oorvloedige oes op die aangewese tyd gee.

Beide Barend en Freek was van mening dat gelowiges en gemeentes in die Vrystaat ‘n groot rol kan speel om oor grense hande te vat en ons land te help opstaan en omdraai. Kollega Leon Foot het oor die profiel van die NG Kerk Vrystaat gepraat, ook post-Covid, en praktiese voorbeelde gegee van hoe ons ons roeping kan uitleef. Ds Madelein Bakker van Bethlehem het ons oë oopgemaak vir die belewenisse van jongmense en vroue ...

***Foto** (Sinodesitting 2022):*
*Ds Jan Lubbe, Voorsitter Moderamen*

Lees meer »

# ARTIKELS

## UIT DIE SINODE

VISIONERING

Visioneringgesprekke

**Ons gemeentes lyk nou anders**

*Dr Leon M Foot*
*Skriba van die Moderamen*



**Lees hier**

VENNOTE IN GETUIENIS

NG Kerk-familie

**Vier Moderature van Vrystaat-kerke vergader**

*Mariëtte Odendaal*



**Lees hier**

BEDIENINGSBEGELEIDING

Verbi Divini Minister

**Die "werklikheid" waarmee ons só *vertroud* is**

*Dr Martin Laubscher*
*Erediens Netwerk*



**Lees hier**

BEDIENINGSBEGELEIDING

Volume 2 | Uitgawe 2

***The Journal of Systematic Theology***

*Dr Henco van der Westhuizen*
*Digitale Bediening Netwerk*



**Loer hier**

BEDIENINGSBEGELEIDING

Digitale Bediening

**Ons Digitale Bedieningsnetwerk**

*Mariëtte Odendaal*




**Lees hier**

# ARTIKELS


AFRIKA-EKUMENE | ALGEMEEN

ALGEMEEN

'n Ware verhaal

## Trane en troos in die doopbak

*Dr Enrico Casaleggio*
*Leraar van NG Gemeente Fichardtpark*



Lees hier »

ALGEMEEN

Terug na die toekoms

## Dis tyd om die perd op te saal, dominee!

*Johan Van der Merwe (opiniestuk)*
*Oorgeneem uit Kerkbode, 6 Februarie*



Lees hier »

AFRIKA-EKUMENE

## Oud-Sendelingebyeenkoms by Strand-Noord

*Oorgeneem uit Getuienisaksie*
*VrydagNuus, Sinode Wes-Kaapland*



Lees hier »

AFRIKA-EKUMENE

## 'n Reis in Afrika lei tot bande met susterskerk in Kenia

*Oorgeneem uit Getuienisaksie*
*VrydagNuus, Sinode Wes-Kaapland*




Lees hier »

AFRIKA-EKUMENE

## MOSAMBIEK Tumbine Sinode: Dringende behoefte aan sinodale voertuig

*Oorgeneem uit Getuienisaksie*
*VrydagNuus, Sinode Wes-Kaapland*



Lees hier »

As ek die woord **GRATIS** hoor, spits ek my ore.
As ek hoor **GRATIS boeke**, het jy al my aandag!

# GRATIS

## B O E K E

NG Kerk
Vrystaat

***Foto:** Mediateek, Sinodale Kantoor*



Al die boeke is **GRATIS!**

Die goud wag om ontgin te word.

*Deur **Dr Leon M Foot***

In ons moderne wêreld met boeke op ons rekenaars en selfone, bly 'n papierboek in die hand darem maar besonders. In die Sinodale kantoor is daar 'n klein goudmyn waarvan min leraars weet. Soos wat van ons ouer kollegas aftree, kom gee hulle van hulle teologiese boeke by die kantoor af. Hierdie boeke is gratis beskikbaar vir wie dit ook al kan gebruik. **Die boeke wissel in ouderdom van splinternuut tot produkte uit Gutenberg se tyd**, maar tussen-in is daar juwele.

**Van die kosbaarstes is die Swartband-kommentare wat deur ons eie top-teoloë geskryf is: Willie Jonker, Charles Fenscham, IL de Villiers, EP Groenewald, Adrio Konig**. Engelse kommentare is daar ook in oorvloed uit al die bekende en vertroude reekse. As jy Nederlands magtig is, is daar meer as waarvoor jy waarskynlik plek het op jou rak. **As jy 'n Griekse woordeboek benodig, of iets oor Paulus wil lees, of oor die Heidelbergse Kategismus**, dan wag hier vir jou 'n verrassing soos min. Of as jy net nog nie genoeg boeke op jou rak het nie! Jy moet dit net kom haal, of vra 'n kollega wat Bloemfontein toe gaan.

Skrywer
**Jaco Strydom**


*Carpe Diem Media, South Africa | December 2020*

# CONFESSIONS OOR KERKWEES

“Hierdie boek sukkel met jou terwyl jy lees en hou aan karring aan jou lank nadat jy dit klaar gelees het. Dit is profetiese teologie in 'n pastorale toonaard. Dis nooit die skrywer teenoor die lesers nie, maar die skrywer sáám met die lesers. Bladsy na bladsy is die skokkende aspek van hierdie boek sy eenvoud. Die evangelie wat deur die jare met ingewikkelde redenasies toegerank het, word hier oopgesnoei en die eenvoud en kern blootgelê. Jaco kom baie naby aan die harde werklikheid van kerk- en Christenwees in Suid-Afrika vandag.” - *Cas Wepener*

"Dié wat die moed het om stroomop te swem, skynheilige maskers af te ruk, dooie tradisies vaarwel toe te roep en die vrae van die dag aan te roer, is skaars. Jaco praat nie net profetiese taal nie, maar beliggaam dit ook in sy lewe en in die Echo-gemeenskap, wat grensloos, kleurloos en statusloos mense met die Here se liefde omarm. Hierdie aangrypende boek weerspieël Jaco se nadenke in koerante en sosiale media. Sy opregte liefde vir die Here en vir mense skyn deur op elke bladsy. Die boek sal jou uitdaag, optel, roer en diep aan die dink sit. Jy sal hierna nooit weer dieselfde dink of leef nie." - *Stephan Joubert*

"In sy gemaklike verteltrant kom sê Jaco vir ons hoe Christenskap in die praktyk behoort te lyk. Hy het 'n manier om elke leser ongemaklik te laat voel en terselfdetyd uit te daag. Net soos Jesus se gelykenisse in die stowwerige strate van Palestina afspeel, so speel Jaco se verhale ook op aardse bodem af: Soms op plekke wat jy ken, soms tussen mense met wie jou lewenspad nooit sal kruis nie. Soms word jy kwaad oor wat hy skryf, soms wil jy "Amen" uitroep, maar jy kry dit nie reg om die boek neer te sit voor jy dit nie klaar gelees het nie!" - *Hennie Stander*




*Boekprent oorgeneem uit © 2023 LitNet.*

## INVENTARIS

Die **Mediateek** van die NG Kerk Vrystaat, Sinodale Kantoor se inventaris word hier volledig deurgegee.

Rig enige navrae aan **Anelia van den Blink** by **(051) 406 6700** of **kuratorium@ngkvs.co.za**.

**Hierdie boek is beskikbaar in die Mediateek.**

**Loer hier** »


LIGapp

Kategese vir die volgende generasies

# LigApp Kategese

is relevante, Bybelse kategese vir jongmense.

**Maak vandag 'n verskil aan die geloofsreis van jong gelowiges!**







Artikel Kerkbode

**Loer hier**

YouTube video

## SKRYF NOU IN


Is jy reg vir 'n **GROOT 2023**?

**LigApp Kategese** is daar!

LAAI HIER AF >

Om aan te sluit of vir meer inligting **kontak LigApp by francois@ligapp.co.za**

# Attenborough




***Oorgeneem uit*** *Getuienisaksie Eenheidsbediening, VrydagNuus Sinode Wes-Kaapland*

## DAVID ATTENBOROUGH **PLEIT OM VOLHOUBAARHEID**

Ons eko-korrespondent, David Botha, deel hierdie week met ons die insigte wat hy gekry het met die lees van David Attenborough se boek: ***A life on Our Planet***, *My Witness Statement and a Vision for the Future*. Hy was 94 jaar oud toe hy dit geskryf het. Attenborough se belangstelling in die natuur kom van kindsdae af en ons het hom as die BBC se stem leer ken wat die natuur aan kykers oor die wêreld heen bekendgestel het. Hy kon egter met sy jarelange blootstelling aan die natuur waarneem dat iets besig was om drasties verkeerd te loop. Hy het saam met sy verwondering 'n diep besorgdheid ontwikkel, maar gee ook aan ons hoop met stappe wat geneem kan word sodat die aarde na 'n lewe van volhoubaarheid kan terugkeer. Attenborough het in 2020 'n dokumentêr met dieselfde titel op **Netflix** vrygestel.

DEUR **DAVID P BOTHA**

**GETUIENISAKSIE**
Eenheidsbediening
- VGKSA Streeksinode Kaapland
- NG Kerk in Suid-Afrika
- Reformed Church in Africa

**Lees meer**

# SESOTHO

## ‘N WEG NA
## BETER VERHOUDINGE

Langenhovenpark Gemeente bied aan die gewilde

**BEGINNERSKURSUS IN SESOTHO**

‘n Jaarkursus wat plaasvind op Donderdae om 18:00-19:30 en neem ‘n aanvang op Donderdag 24 Februarie om 18:00 in die Kleinkerk van die NG Gemeente Langenhovenpark.

**Die kenmerkende Sesotho-gebruike en -begrippe is die fokusarea. Daar word weekliks (klasbywoning is van kardinale belang) nuwe woordeskat aangeleer met die doel om die voer van eenvoudige gesprekke in Sotho moontlik te maak.**

Die totale koste van die kursus beloop R2 000 (maandeliks afbetaalbaar by die kerkkantoor).
‘n Nie-terugbetaalbare deposito van R750 is betaalbaar voor of op 21 Februarie om 11:00.

**NAVRAE: Kerkkantoor (051) 446 1131 | Riaan Stander 082 665 8478 | e-pos: myposduif@vox.co.za**



# LEER KEN

## NUWE LERAAR

***Deur***
*Mariëtte Odendaal*

# Ds Tano Bongers

NG Gemeente Bloemfontein-Noord

## VAN WAAR?

In Vereeniging gebore en grootgeword in Vaalpark en later Bloemfontein.

## SKOOL & UNIVERSITEIT

**Skool:** Laerskool Fauna en Hoërskool Fichardpark. **Universiteit:** Kovsies (BTh); Kovsies (Mdiv); tans besig met MBA (NWU Besigheidskool).

## ERVARING EN BEROEP

- NG Moedergemeente Schweizer-Reneke (Julie 2015 - April 2020)
- NG Gemeente Dealesville (Mei 2020 - April 2022)
- NG Gemeente Bloemfontein-Noord (Mei 2022 – tot nou)

## GESIN

Tano is verloof aan Mariëtte, 'n skoonheids-terapeut van Bloemfontein, wat haar eie skoonheidsalon besit. Hulle trou vanjaar.





*Foto: Ds Tano Bongers*

## DÍT GEE MY HOOP

Om hom, as 'n baie optimistiese persoon, te omring met mense wat 'n positiewe uitkyk op die lewe het. Dit is dié geestelike gesprekke met sy mentors en vriende wat hom moed gee in die moeiliker tye van die lewe.

## MY DRYFKRAG

Tano hou daagliks vas aan die vryheid wat ons ontvang het deur ons geloof in Jesus Christus. "Dit is hierdie vryheid wat ek graag met mense wil deel. Ek hou vas aan die dinge waar ek die Here beleef en ervaar het in die verlede - om vir my ook hoop en krag te gee vir wat voorlê."

## MY DROOM VIR DIE KERK EN SUID-AFRIKA

Dat ons weer werklik 'n belangrike rol sal speel in die gemeenskap en in ons land. Dat ons werklik die groot opdrag van Jesus in Matteus 28 sal uitleef en mense wat nog nie 'n verhouding met die Here het nie, sal uitnooi en begelei na die Here toe, maar ook dat ons die nodige vaardighede (dissipelskap) vir hulle sal kan leer om die groot opdrag te kan gaan uitleef deur hul verhouding met die Here.

## MY BELANGSTELLINGS

- Tennis speel
- Gimnasium-oefeninge
- Xbox en rekenaarspeletjies
- Die lees van boeke in verskillende genres

# LEER KEN
DIE MODERAMEN



# Marnus Nel

LEIERDIAKEN | NG GEMEENTE PETRUSBURG

**VERJAAR** 13 November. **BEROEP** Boer van die plaas, Grasdam.

**GUNSTELING TYDVERDRYF**
Hengel, Afrika-toere, Geologiese studies.

**TOP DRIE GUNSTELING-SKRYWERS**
Deon Meyer, Louis Bothma, Wilbur Smith.

**GELOOFSMOTTO** | Leef elke dag asof dit jou laaste dag is en laat die Bybel as onfeilbare waarheid jou deur die lewe lei. Bly gefokus op God.

**KONTAKBESONDERHEDE**
nelmarnus@yahoo.com of 076 128 6998

# Flip Geel

OUDERLING | NG MOEDERGEMEENTE HARRISMITH

**VERJAAR** 27 Junie. **BEROEP** Boer.

**GUNSTELING TYDVERDRYF**
Perdry en Visvang.

**TOP GUNSTELING-SKRYWERS**
Daleen Matthee en Angus Buchan.

**LEWENSFILOSOFIE** | Die kerk moet fokus daarop om die ware Woord te verkondig en nie daarvan afdwaal nie.

**KONTAKBESONDERHEDE**
flipgeel1971@gmail.com of 084 815 3204



Op die rak

NÓÚ TE KOOP in alle CLF Boekwinkels





AVAILABLE NÓW in all CLF Bookshops!

https://shop.clf.co.za/contact-us/


CHRISTIAN LITERATURE FUND
CHRISTELIKE LEKTUURFONDS
BOOKSHOP
BOEKWINKEL






Klik hier




Klik hier




Klik hier




Klik hier





Klik hier





Klik hier




Klik hier




Klik hier




Klik hier

# #IMAGINE SENTRAAL

**Nampo Park**
**Bothaville, VRYSTAAT**




# #imagine

>>>>>>>>>>>>>>>>>>>>>>>

## 18-20 MAART 2023

Kaartjie Koste:
**R500-00**

TWEE VENUES, DUISENDE TIENERS, EEN NAWEEK.
'N AANBIDDINGSAVONTUUR EN "EPIC" SPREKERS: WORD DEEL VAN DIE GROOTSTE INTERKERKLIKE JEUGBEWEGING IN SUID-AFRIKA.

OUDERDOMSGROEP 13 – 18 | GROEPLEIERS & VRYWILLIGERS VAN ALLE OUDERDOMME WELKOM

WWW.FACEBOOK.COM/IMAGINEMOVE | INSTAGRAM. IMAGINE_MOVESA | INFO@IMAGINEMOVEMENT.CO.ZA / CENTRAL@IMAGINEMOVEMENT.CO.ZA | 079 991 7847

WWW.IMAGINEMOVEMENT.CO.ZA

**CHRISTO NEL | 076 973 2006**

# OPLEIDINGSGELEENTHEDE

## VBO-Jaarprogram 2023

Excelsus (die Sentrum vir Bedieningsontwikkeling) se jaarprogram vir 2023.

Loer hier en teken aan +

## Dink nuut oor jou bediening

**Inskrywing (2023)** | 'n Program (Sertifikaatkursus in Bedieningsvernuwing), spesiaal gerig op predikante in die middelfase van hulle bediening.

Lees meer + Registreer +

## Dink nuut oor jou bediening

**21-23 Februarie** | Die eerste module in hierdie kursus (Sertifikaatkursus in Bedieningsvernuwing), gerig op predikante in die middelfase van hulle bediening.

Lees meer + Registreer +

## Pastorale Beradingskursus

**14 Februarie** | In hierdie kursus, *Verslawing is 'n verwoester*, gaan dit om 'n multi-dissiplinêre benadering met die pastoraat as 'n belangrike komponent, met betrekking tot die probleem van verslawing.

Lees meer + Registreer +

**GRATIS** WEBINAAR WORD IN **ENGELS** AANGEBIED

# 23 FEB '23

## BEING CHURCH ON THE EDGE

**WEBINAAR | 23 FEBRUARIE**

**18:00 – 20:00** | 3 VBO-PUNTE

"On the Edge", is 'n **metafoor** wat dikwels in hedendaagse Suid-Afrika gebruik word, hetsy dit in die sosiale, ekonomiese of politieke sfere is.

Ongelykheid, armoede en werkloosheid is al lank met ons en word deesdae gekomplementeer met staatskaping, grootskaalse korrupsie en die gebrek aan dienslewering op talle regeringsvlakke.

Asof dit nie genoeg is nie, herinner die onlangse rasse gebeure by Maselspoort ons aan die totale gebrek aan sosiale kohesie in ons samelewing. **'n Samelewing "on the edge"**.

### Waar laat dit die kerk?

'n Blote toeskouer en kritiese kommentator of 'n aktiewe fasiliteerder, vredesbouer en morele leier in die burgerlike samelewing?

Stort ons as kerk saam met die res oor die rand of oorbrug ons die gaping?

**REGISTREER HIER**

URL: **bit.ly/churchonedge**

Aangebied in samewerking met die
**Ring van Bloemfontein-Noord** & **Jenwil BlouSter**

**Webinar Registration - Zoom**
us02web.zoom.us

**Vir nadere besonderhede kontak:**
Hugenoot Kerkkantoor by (051) 436 2659 of
Willem Ellis by 083 378 7833

HUGENOOT

© 2023 | NG Kerk Vrystaat

# NUUSBRIEWE EN PUBLIKASIES

## NUUSBRIEWE EN BROKKIES UIT KERKBODE



Nuuswenke oor lidmate, gemeentes of ringe wat uit die boks dink om 'n verskil in hul omgewing te maak, is baie welkom.

**E-pos: helene@bmedia.co.za**

**TOIBO**
Nuusbrief

**Lees hier**

**CLF**
Publikasie

**Lees hier**

**CLF**
Publikasie

**Lees hier**

## BROKKIES UIT kerkbode

### ELDERS GESIEN: BID EN HELP SÓ VIR SIRIË NA REUSE-AARDBEWING

*Oorgeneem uit Kerkbode*
*8 Februarie 2023*

### G'N WATER, KRAG OF TOILETTE: SÓ GAAN DIT BY NG GEMEENTE OP OU WEERMAGBASIS IN VERRE NOORDWES

*Oorgeneem uit Kerkbode*
*6 Februarie 2023*

### JACO STRYDOM GESELS MET DANIE EN ESTHER VAN NIEKERK: DIE PARADOKS VAN WITBLITS IN 'N BOTTEL IN DIE VORM VAN 'N KRUIS

*Oorgeneem uit Kerkbode*
*26 Januarie 2023*

### PIET MEIRING VERSPIED TERUG EN VORENTOE VANAF "REUSE" SE SKOUERS

*Oorgeneem uit Kerkbode*
*25 Januarie 2023*

# KALENDER

Stuur alle kalender-gebeure aan **cmclean@ngkvs.co.za**

## Universitas

SINODALE VROUEKONFERENSIE

'Skep 'n rein hart vir my'

**Registrasie vanaf 07:00 - 08:30**

Verdaag om 14:00

| 11 | 02 | 23 |
|---|---|---|
| DAG | MAAND | JAAR |

## Hugenoot

WEBINAAR

***Being church on the edge***

18:00 - 20:00 | 3 VBO-punte

Webinaar word in Engels aangebied

| 23 | 02 | 23 |
|---|---|---|
| DAG | MAAND | JAAR |

nuut

## Langenhovenpark

BEGINNERSKURSUS IN SESOTHO

'n Weg na beter verhoudinge

18:00 - 19:30

NG Gemeente Langenhovenpark Kleinkerk

| 24 | 02 | 23 |
|---|---|---|
| DAG | MAAND | JAAR |

nuut

## Noordhoek

OPTREDE | PIET SMIT

70ste Herdenking

09:30

Geen kaartjieverkope, slegs 'n sagte kollekte

| 12 | 03 | 23 |
|---|---|---|
| DAG | MAAND | JAAR |

**www.ngkerkvrystaat.co.za**

NG Kerk Vrystaat

Loer gerus op die **webblad se kalender** vir alle belangrike datums en gemeentegebeure

# BETREKKINGS

## VAKATURES

NG Kerk in Oos-Kaapland
'n Vriendekring wat saam groei

NG GEMEENTE
**TARKASTAD**
DEELTYDSE LERAARSPOS
Sluit: **13 Februarie 2023**

hugenote kollege
Waar Christenwees grondvat in opleiding

WELLINGTON
**HUGENOTE KOLLEGE**
Sluit: **17 Februarie 2023**

NUUT
NG Kerk Vrystaat

NG GEMEENTE
**REITZ-WES**
*(Dolerend)*
LERAARSPOS
Sluit: **17 Februarie 2023**

NUUT
NG Kerk Vrystaat

NG GEMEENTE
**UNIVERSITAS-WES**
KONTRAKPOS
Sluit: **1 Maart 2023**

NUUT
NG Kerk Vrystaat

NG GEMEENTE
**THEUNISSEN**
LERAARSPOS
Sluit: **24 Maart 2023**

# Predikantenuus

VRYSTAAT

**Ds Piet Fourie**, leraar van NG Gemeente Sasolburg-Tuinedal, het die beroep na NG Gemeente Sanddrift aanvaar vanaf 1 Februarie 2023. **Ds Phillip Garbers** het die beroep na NG Gemeente Bultfontein-Oos aanvaar. Hy is op Sondag 29 Januarie 2023 bevestig.

**Kerkbode**

**VIR MEER INLIGTING** | woes@mweb.co.za / 023 342 6030

**Aflosleraars**

**VIR MEER INLIGTING** | daf@ngkvs.co.za / (051) 406 6700



# MOOIGENOEG

### VERBLYF

- 173 Beddens beskikbaar (waarvan 149 stapel-beddens is)
- 7 Opgedateerde selfsorg-eenhede (24 beddens)

### LOKALE EN GERIEWE

- Groot saal ± 250 persone
- Klein saal ± 50 persone
- Kombuis is ten volle toegerus met alle nodige toerustig om op die perseel voedsel voor te berei
- Swembad en vollyball-baan
- Lekker groot braaiers

### IDEAAL VIR ...

- Groot kampe
- Troues
- Verjaarsdae
- Kombuistee / Babatee / Doeke braai / Retreats
- Konferensies

# FLORADALE

### VERBLYF

- 50 Beddens beskibaar (waarvan 40 stapel-beddens en 10 in selfsorg-eenhede geakkommodeer word)

### LOKALE EN GERIEWE

- Saal ± 150 persone
- 2 Lekker groot ingeboude braaiers
- Boma

### IDEAAL VIR ...

- Klein intieme kampe
- 'n Klein intieme troue
- Verjaarsdae
- Kombuistee/ Babatee / Doeke braai / Retreats
- Konferensies

## KOM EN GENIET!

© 2023 | NG Kerk Vrystaat

## KONTAK ONS VIR MEER INLIGTING

**KANTOOR**
Nicolene Gouws · 051 406 6700 · nicolene@ngkvs.co.za

**TERREINE**
CP Prinsloo · 082 523 7309 · ppmooigenoeg@gmail.com

# VERJAARSDAE




## FEBRUARIE

| | |
|---|---|
| 13 | Ds Gerber Roux<br>**HOSPITAALPARK** |
| 15 | Ds Chris de Vries<br>**KOPANONG CHURCH** |
| 15 | Ds Ferdi Retief<br>**NOORDHOEK** |
| 18 | Me Sanet Annandale<br>**SINODALE KERKKANTOOR** |
| 22 | Dr Dawie Botes<br>**WELKOM-WES** |
| 22 | Ds Domonic Basson<br>**ST HELENA** |
| 23 | Ds Willem Botha<br>**AANDBLOEM** |
| 23 | Ds Johan Lötter<br>**VREDEFORT** |

TEKS: **Matteus 5:13-20** (AFR83)
**Ds Willie Griesel** | Leraar van NG Gemeente Hertzogville

# Opofferende **gehoorsaamheid**

***"Julle is die sout vir die aarde. Maar as sout verslaan het, hoe kry 'n mens dit weer sout? Dit is niks meer werd nie. Dit word buitekant weggegooi, en die mense vertrap dit."***

MATTEUS 5:13-20

In die tyd van die kerklike jaar, staan ons vir 'n tydperk stil by Epifanie. Wat Epifanie van belang maak in ons kerklike jaar, is dat daar veral kans gegee word om te dink. Dink aan God wat homself in menslike vorm aan ons kom bekendmaak het, sodat ons Hom al hoe meer en beter kan leer ken.

God het deur Jesus Christus versoening tussen mense en Hom kom bewerkstellig. Jesus kom na ons mense toe, nie om die wet onder ons te kom onklaar maak nie, maar om dit tot sy volle betekenis te kom bring. Om die Here ons God lief te hê, met ons hele hart en met ons hele siel en met ons hele verstand en met al ons krag. En dan die tweede wat hiermee gelykstaan, is om ons naaste lief te hê soos onsself.

Vir ons as mense is dit sekerlik een van die grootste uitdagings waaraan ons kan dink. Om iemand lief te hê, wat ons dink en oortuig is dit nie verdien nie. Verder herinner Epifanie my daaraan dat Jesus wil hê ons soos sout en lig vir die wêreld moet wees (Matteus 5:13-20).

Ek wil egter die eienskappe van sout en die verstaan daarvan probeer verdiep. Sout het baie gebruike, maar daar is vier van hulle waaraan ek graag aandag gee wanneer ek daaraan dink.

Sout gee in die eerste plek smaak - dus moet ons smaak gee aan die wêreld wat baie maal smaakloos voorkom.

Sout voorkom dat voedsel verrot. Dink net aan 'n lekker stuk geelvet-biltong. Dus moet ons saam met die Here leef, dat ons deel kan hê daaraan dat ons mensdom nie verlore gaan as gevolg van afvalligheid en wegbeweeg van God af nie.

Sout steriliseer en maak skoon.

**Lees meer**



Foto: **Ds Willie Griesel**

# KONTAK ONS

REDAKSIE

**NG KERK VRYSTAAT**
Departement Kommunikasie en Bemarking
**051 406 6700 (k)** | **072 151 9799 (s)**

Van Heerdenweg 20, Wilgehof, Bfn, 9301
Posbus 11412, Universitas, 9321

Stuur enige nuusgebeure, bydraes of inligting **voor 12:00 Woensdae** na **cmclean@ngkvs.co.za**



# Samestellers

Celicia McLean (Redaksioneel)
**cmclean@ngkvs.co.za**

Carlie Niehaus
**carlie@ngkvs.co.za**

**skakel@ngkvs.co.za**

@NGKERKVRYSTAATAMP • NGKERKVRYSTAAT.CO.ZA

Indien jy op **VRYPOS** wil inteken | **KLIK HIER** | Stuur 'n e-pos om **VRYPOS** te kanselleer

©2023 NG Kerk Vrystaat | **VRYWARING**



NG Kerk Vrystaat

NG KERK VRYSTAAT | **2023**
Departement Kommunikasie en Bemarking

©